

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## **Parashah 10: Miketz (מִקֶּטֶץ) – Aan die Einde**

*Ná verloop van twee volle jare het Farao gedroom dat hy by die Nyl staan. Gen. 41:1*

**Torah :** Gen. 41:1 tot 44:17

**Haftorah:** 1 Kon. 3:15 tot 4:1

**Nuwe Verbond:** Matt. 7:2; Luk. 4:16 tot 31

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 10 wat afgelaai kan word by: [Parashah10Notas14](#) en by [Parashah10Notas15](#).

*To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: " My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will – Oswald Chambers.*

*Don't feel devastated when you hear that others are criticising you! Criticism is usually a sign that you are alive and doing things – Arthur Banks.*

*Insight is the quality of being able to see into yourself and see the truth. It means that you understand the deeper and real reason for your living – Arthur Banks.*

## **Midrash (Torah Bespreking)**

### **YHVH Is In Beheer!**

Ons Torahskriflesing vir die week is 'n voortsetting van die geskiedenis van Josef. Hierdie geskiedenis is bevestiging dat YHVH altyd in beheer is, al lyk dit uit menslike oogpunt nie so nie. Josef se lewe is vir ons 'n bewys van YHVH se onverdiende guns en dat Sy raadsplan plan nie van stryk gebring sal word deur ons eie tekortkominge of selfs ons omstandighede nie. Die geskiedenis van Josef is ook bevestiging dat YHVH se tydsplan volmaak is en dat ons as mense nie altyd die groter prentjie van YHVH se plan sien of verstaan nie.

Josef is ook 'n voorbeeld van 'n geestelike groeiproses tot geestelike volwassenheid. Onderrig in Torah, asook ondervinding en wedervaringe het hom geleer hoe om meer as 'n oorwinaar te wees. Hy het geleer om in alle omstandighede op YHVH te vertrou en om getrou te wees aan YHVH se onderrig en instruksies. Josef is ons voorbeeld van geestelike volwassenheid!

*Die Een wat afgekom het, is dieselfde Een wat opgegaan het ver bo al die hemele sodat Hy alles kon herstel en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een. Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is. Fil. 4:10 tot 15 – PWL<sup>1</sup>.*

Josef was 17 jr oud toe hy as slaaf na Egipte geneem is. Hy was vir sowat 10 jaar in die tronk. Te midde van alles wat met hom gebeur het, het hy egter gefloreer in sy verhouding met YHVH!! Gedurende Josef se jare van beproewing het hy as regverdige daaglik deur vertroue in YHVH gelewe (Hab. 2:4; Rom. 1:17).

Beproewinge is dikwels 'n suiweringsproses waar jy jousef beter leer ken (dit ontbloot die hart) en dit is die tyd wat jou verhouding met Vader versterk word. Redding is deur geloof, maar besnydenis van die hart kom dikwels deur beproewinge. Die sterwe van die eie-ek (selfisme) totdat slegs YHVH Yeshua sigbaar is, is die einddoel vir elkeen! Om beproef (Hebreeus: *tsaraf*) te word beteken gesuiwer, gelouter, veredel. Dit kan vergelyk word met 'n silwersmid wat in sy smeltkroes al die onsuierhede verwyder (wegbrand) totdat hy sy selfbeeld in die gesmelte silwer kan sien! Ps. 66:10... *want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.*

*Ek sal die derde deel deur die vuur bring, hulle suiwer soos 'n mens silwer suiwer en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê: 'Hulle is My volk!' Hulle sal sê: 'יהוה is my God!' Sag. 13:9 – PWL.*

Josef het geleer om YHVH-God in elke situasie waarin hy homself bevind het, te dien! Sekerlik kon Josef ook soos die Psalmdigter sê:

*Hy wat ons in die lewe hou en nie toelaat dat ons voete wankel nie, want U het ons getoets, o God, U het ons gesuiwer soos 'n mens silwer suiwer. U het ons in die net ingebring, 'n las op ons heupe gelê. U het ons slawe gemaak, ons het deur vuur en deur water gegaan, maar eindelijk het U ons uitgelei na 'n bevredigende plek. Ek sal in U huis ingaan met brandoffers; ek sal my geloftes teenoor U nakom, wat my lippe geuiter het en my mond gepraat het toe ek in die moeilikheid was. Vetgemaakte brandoffers sal ek vir U bring saam met die reukoffer van ramme; ek sal beeste en bokke offer. Ps. 66:9 tot 15 – PWL.*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch); of kontak vir Gerrie Coetzee by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com)

Josef het soos sy vader Jakob en sy broers geweet van die profesie aan Abraham waarvan ons in Gen. 15:13 tot 16 gelees het:

יהוה *sê vir Avram: “Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ’n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank, maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings.*

*Wat jou betref: jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in ’n goeie ouderdom begrawe word, maar na vier eeue sal hulle hierheen terugkom, want die boosheid van die Emoriete is tot nou toe nie volledig nie (PWL).*

Josef het ook nie die twee drome wat hy met sy vader en broers gedeel het (Gen. 37:5 tot 10), vergeet nie. Hy het bly glo dat YHWH hom geroep het om ‘n spesiale taak te vervul. Josef het vasgehou aan sy droom!

*The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation! – Anonymous.*

*It is not the greatness of our troubles as the littleness of our spirit, which makes us complain – Hudson Taylor*

## **Bepeins of Bespreek**

1. Volgens die hedendaagse voorspoedleer wat deur sommige verkondig word, sal Satan waarskynlik beskuldig gewees het van alles wat Josef oorgekom het. Dit sou waarskynlik geestelike oorlogvoering tot gevolg gehad het waar Satan en sy bose magte ‘gebind’ sou word! Maar was die onregverdigde behandeling van Josef alles die werk van Satan? Is dit Skriftuurlik om Satan en sy magte te bind of kan ons hulle bloot uitdrijf? Matt. 16:19 word veral gebruik as bewys dat ons wel Satan en sy magte kan bind.

*Ek sal aan jou (Petrus) die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee en wat jy ook op die aarde mag vasbind, sal vasgebind wees, soos dit in die hemel reeds vasgebind is en wat jy ook op die aarde mag losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is. (PWL).*

Dieselfde teksvers word dan ook gebruik om die seëninge in iemand se lewe ‘los te maak’ (te ontbind).

Ons moet egter hierdie teksvers in konteks lees en dit ook verklaar in die lig van eietydse spreektaal. Volgens Matt. 16:18 is dit duidelik dat Yeshua hier van die Koninkryk van die hemel praat toe hy vir Petrus gesê het: *en op hierdie rots sal ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.* Hier is dit ook belangrik om daarop te let dat dit na die doderyk (die graf; *sh’ol*) verwys en **nie** na die hel (*hades*) nie soos dikwels verkeerdelik aangehaal word! Hier het Yeshua na die dood verwys wat oorwin is, want die regverdigde sal uit die dood ontstaan om saam met Yeshua te regeer!

Tweedens moet ons verstaan wat Yeshua bedoel het toe Hy vir Petrus gesê het: *Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee.* Dit was in daardie tyd die gebruik om aan iemand wat ‘gekwalifiseer’ het as ‘n kenner van die Tanakh en Torah om hom ‘n sleutel te gee wat hom toegang gegee het tot al die geskrifte wat in die tempel in

‘n plek van bewaring toegesluit is. Hiermee het hulle sy outoriteit erken om die Skrifte aan ander te leer en te verklaar. So ‘n persoon kon dus onderskei wat is volgens die Skrifte reg en verkeerd, wat is rein en onrein en wat is heilig en onheilig. Hy was iemand wat YHVH se woord van waarheid reg kon sny (2 Tim. 2:15).

Hierdie moet ook gesien word in die lig daarvan dat die Levitiese priesters die gesag gehad het om te verklaar of iemand melaats (onrein) is en of hy genees (rein) is (Lev. 13:3 en 23).

Aan Petrus het Yeshua dus die outoriteit (sleutels) gegee om die Koninkryk van die hemel te gaan verkondig (oop te sluit). Dit is om die Koninkryk van die hemel op die aarde te vestig, naamlik dit wat in die hemel is moet net so op die aarde wees. Dit wat in die gemeente **nie** volgens dit wat in die hemel is nie, moet hier op aarde gebind word. En dit wat in die gemeente volgens dit wat in die hemel is, moet hier op aarde losgemaak word.

Petrus het dus ook die gesag gehad om te verklaar wie geestelik melaats (onrein) is en nie met die gemeente mag meng nie. So kon hy ook identifiseer wie geestelik rein is en deel van die gemeente mag wees, naamlik deel van die liggaam van Yeshua!

2. Indien dit waar is dat Satan en sy demone gebind kan word, moet die vraag gevra word: Hoekom is hulle nie almal al ‘buite aksie’ gestel nie, veral gesien in die lig van al die miljoene gebede waar Satan en sy demone reeds gebind is??

### **Waarom Teenspoed, Hartseer en Lyding?**

In vorige notas het ons Josef se voorspoed te midde van teenspoed bespreek. Daarom moet ons besin oor ons siening van voorspoed. Ons het ook geleer dat diegene wat YHVH liefhet en Torah gehoorsaam lewe selfs te midde van teenspoed geseën sal word. Vir diegene wat YHVH liefhet, sal alles ten goede meewerk (Rom. 8:28)!

Vanaf die ouderdom van 17 jaar het Josef se lewe nie uitgedraai soos hy verwag het nie. Ons kan wel vra: Het Josef nie dikwels geworstel met vrae oor die verloop van sy lewe nie? Was hy deels verantwoordelik vir sy eie lot omrede hy nie met groter versigtigheid die drome wat hy gehad het aan sy broers en vader oorvertel het nie (Gen. 37:5 tot 11)? Was sy jonkheid en sy onvolwassenheid die rede vir die gebrek aan wysheid hoe om die roeping op sy lewe met nederigheid te hanteer? Ja, YHVH het Josef te midde van teenspoed geseën, maar hy moes in Egipte ook belangrike lewenswaarhede leer, en sy getrouheid moes getoets word, alvorens hy gereed was vir die taak waarvoor YHVH Hom opgerig het! Josef het guns gevind te midde van hartseer en lyding!

In vele opsigte is ons lewens nie anders as die van Josef nie! As mens worstel ons almal met die vraag: Waarom is teenspoed wat met hartseer en lyding gepaard gaan deel van die lewe? Vind ons die antwoord in die Skrifte?

Ons gee dikwels mensgeformuleerde verklarings vir teenspoed, hartseer en lyding. Sommige denominasies beskou dit alles as YHVH se wil en berus daarby. Ander denominasies beskou dit as die werk van Satan en sy demoniese magte en gaan dan oor tot geestelike oorlogvoering! Wat is egter die waarheid? Is die mens nie dikwels self die argitek vir teenspoed, hartseer en lyding nie? Gaan dit oor die keuses wat ons maak? Is teenspoed nie dikwels die wyse wat YHVH ons konfronteer, ons soos ‘n silwersmid suiwer en ons getrouheid beproef nie?

## Is teenspoed YHVH se wil?

Wanneer teenspoed tref, vra mense dikwels: *Hoe kon God dit toelaat of Hoe kon God dit gedoen het?* Is Hy dan nie 'n liefdevolle Vader wat ons belange te alle tye op die hart dra nie? Ons weet dat YHVH Almagtig en Alomteenwoordig is en daarom die teenspoed en hartseer kon verhinder het. YHVH het nie net liefde nie, maar Hy is liefde (1 Joh. 4:16)!! Hy is 'n liefdevolle Vader wat die belange van Sy kinders op Sy hart dra. Ware liefde is om te voorsien en te beskerm. Daarom die vraag: Is teenspoed met die gepaardgaande hartseer en lyding dan die wil van 'n liefdevolle God en Vader?

Indien ons sê dat teenspoed die wil van YHVH is, dan moet ons vra of Hy dit toelaat en of Hy dit bewerkstellig? Indien ons beweer dat YHVH dit bewerkstellig, dan kan ons wel vra of dit ware liefde is?

Sommige glo dat teenspoed soos siekte of dood van 'n geliefde die wyse is hoe YHVH diegene tugtig wat Hy liefhet en dan word teksverse soos Heb. 12:6 en 7 ondermeer aangehaal.

*want יְהוָה dissiplineer hom wat Hy liefhet en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.”  
Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie?*

Die vraag moet egter dan gevra word: Watter aardse ouer sal sy kind met siekte of teenspoed tugtig? Daarby kan ons ook vra: Sal 'n aardse ouer sy kind tugtig indien sy kind dit nie verdien nie? Dit is sekerlik nie wat liefde is nie, en YHVH is tog liefde, en dit is sekerlik ook nie die doel van tugging nie! Indien teenspoed wel YHVH se tugging is, dan beteken dit dat ons dit verdien. Dan kan ons nie YHVH 'blameer' nie, maar net onself. Dan vereis dit selfondersoek!!

Indien ons egter glo dat YHVH nie teenspoed in ons lewens bewerkstellig nie, maar dit slegs toelaat, dan beteken dit dat die oorsaak en oorsprong daarvan nie by God gesoek moet word nie. Hy laat dit dan toe sonder om dit te keer. Dan is die oorsaak en oorsprong of onself weens verkeerde keuses, of Satan wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10), of bloot 'n sameloop van omstandighede waarvoor ons geen beheer het nie. Die vraag is dan steeds hoekom YHVH dit toelaat? Kon die mens iets doen om dit te verhinder het?

So dikwels verontagsaam mense waarskuwings en gevaartekens in sekere areas van hulle lewe, maar sal nogtans dit as die wil van YHVH beskou wanneer teenspoed hulle later in daardie areas tref. Kan so 'n mens dan steeds verwag dat God hom uit sy nood moet red? Wat van dit wat jy saai, sal jy moet oes?

## Die mens se verantwoordelikheid

Deur teenspoed, hartseer en lyding as die wil van YHVH te beskou, onthef die mens homself van enige verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Dit is om jouself te verontskuldig en die blaam of oorsaak elders te plaas. Die wat hierdie standpunt huldig verontagsaam egter die woorde van Yeshua in Joh. 10:10, naamlik:

*Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.*

Hierdie Skrif is tog duidelik dat die dief, naamlik Satan, die een is wat steel, doodmaak en verwoes. Satan is daarop uit om alles van jou te steel, dood te maak en te verwoes indien hy die geleentheid kry. Hy is dus die vyand wat gekeer en oorwin moet word. Indien teenspoed,



hartseer en lyding as die wil van YHVH beskou word, word Satan dus ook van alle blaam onthef.

Volgens Joh. 10:10 is dit tog ook duidelik dat Yeshua gekom het dat ons lewe en oorvloed kan hê. Hierdie lewe en oorvloed is die ewige lewe wat in Yeshua is, maar wat manifesteer in die lewe van oorwinning en oorvloed voorsiening in al ons behoeftes. Dit is dus YHVH se wil om die mens in elke area van sy lewe te seën.

Wat is dus die mens se verantwoordelikheid? Die antwoord kry ons in Jakobus 4:7, naamlik:

*Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.*

Hiervolgens moet elke gelowige hom eerstens aan YHVH onderwerp en tweedens die duiwel weerstaan. Hierdie twee aksies staan nie los van mekaar nie. Ons kan nie slegs een van die twee doen nie, maar ons moet beide doen in die volgorde om ons eers aan YHVH en Sy wil te onderwerp en dan Satan te weerstaan. Op dié wyse sal die duiwel van jou af wegvlug. God gaan nie ingryp nie indien ons nalaat om te doen wat Hy ons beveel het. Indien ons ons verantwoordelikheid ontduik, kan Vader-God nie anders as om “toe te laat” dat Satan van jou en my steel nie.

YHVH se wil is dat ons Sy Koninkryk sal soek en Sy geregtigheid sal doen, alleenlik dan sal daar in al ons behoeftes voldoen word (Matt. 6:33). YHVH het Yeshua wat geen sonde gehad het nie, sonde gemaak sodat ons YHVH se geregtigheid deur vertrouwe deelagtig kan word (2 Kor. 5:21). Maar dan moet ons in gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, soos dit in Yeshua vervul is, lewe! Dit is die opsomming van onderwerping aan YHVH. Hiervolgens is dit duidelik dat die mens 'n rol het om te vervul, naamlik geloof en gehoorsaamheid. Ons kan nie net agteroor sit en alles in die hande van YHVH laat nie. Wanneer ons ons verantwoordelikheid nagekom het, dan sal YHVH ingryp om ons te ondersteun, te beskerm en te voorsien.

Volgens ons bespreking tot op hede is dit dus duidelik dat die mens dikwels vir sy eie teenspoed, hartseer en lyding verantwoordelik is. Die rede hiervoor is verkeerde keuses en veral die keuse om YHVH se Torah te verwerp as uitgedien. Torah is YHVH se onderrig en instruksies aangaande Sy geestelike- en natuurwette. Enige een wat dit willens en wetens oortree, sal die nadelige gevolge van teenspoed, hartseer en lyding dra. Elkeen het 'n keuse:

*Let op, ek het jou vandag die lewe en voorspoed en die dood en moeilikheid, voorgehou;*

*deurdat ek jou vandag beveel om יהוה, jou God, lief te hê, in Sy paaie te loop, Sy opdragte, reëls en wette te doen sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en יהוה, jou God, jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit te besit,*

*maar as jou verstand, wil en emosie wegdraai en jy wil nie gehoorsaam nie, maar word weggetrek en aanbid ander gode en dien hulle,*

*dan verkondig ek vandag aan julle dat julle sekerlik sal omkom. Julle sal nie jul dae verleng in die land waarheen jul oor die Yarden trek, om dit te besit nie.*

*Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. So, kies die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,*

*deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee. Deut. 30:15 tot 20 – PWL.*

## YHVH SE WIL

Dit is die wil van YHVH om elkeen van Sy kinders te seën, maar ons Vader se seën is egter op grond van geloof en gehoorsaamheid. Geloof is vertroue in YHVH en getrouheid aan YHVH!

Hoewel dit waar is dat ons deur geloof alles sal ontvang wat ons vra (Matt. 21:22; Mark. 11:24; Joh. 16:23), is dit eweneens waar dat YHVH ons slegs sal seën indien ons in alles gehoorsaam is. Indien ons Hom liever het as onself en liever as enige iets, dan sal ons in alles gehoorsaam wil wees (Joh. 14:15; 21 en 24). Gehoorsaamheid is `n voorvereiste vir YHVH se seën.

Sonde is wanneer ons handeling, gedagtes, emosies en woorde nie ooreenstem met die van YHVH nie. Dit plaas ons buite die wil van ons Vader en die resultaat is `n versteurde verhouding waar ons, kwesbaar is vir die aanvalle van Satan. Sonde is wetteloosheid (Torahloosheid).

*maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees. 1 Joh. 3:4*  
– PWL.

YHVH het die verantwoordelikheid as ons Hemelse Vader op Hom geneem om vir ons te sorg. Die wat in Sy huis as gehoorsame kind woon se beker sal tot oorlopens met goedheid en guns gevul word. (Psalm 23). Dan sal Hy as Vader `n skild en veilige vesting wees (Ps. 3:4; Ps. 5:13; Ps. 18:3). Die dief sal steeds poog om te slag, te steel en te vewoes, maar jy sal effektief weerstand kan bied en elke negatiewe situasie sal omgedraai word in `n positief. Dan is dit wanneer God vir ons is en niemand of niks teen ons staande sal kan bly nie (Rom. 8:31).

Teenspoed, hartseer en lyding is nie YHVH se wil nie. Hy is nie die oorsaak van teenspoed nie, maar wel die oplossing. Derhalwe behoort elkeen ten tye van teenspoed eerstens die volgende te vra: Is my verhouding met YHVH een van totale onderwerping aan SY wil en in gehoorsaamheid aan al Sy opdragte?

Maar wat as ons oortuig is dat ons wel in gehoorsaamheid aan YHVH lewe, maar ons gebede word steeds nie verhoor nie?

## YHVH SE WIL EN MY WIL

Ons moet besef dat die Vader se antwoord soms ook *Nee..* of *Nie nou, wag eers...* kan wees. Enige ouer sal weet dat `n *Nee..* of *Nie nou nie, maar eendag...* `n wyse antwoord is op jou agtjarige seun se versoek om byvoorbeeld jou motor te wil bestuur. Vanweë die kind se beperkte begrip van die gevare en wettelike implikasies, sowel as sy onvermoë, kan die ouer se antwoord as onredelik en as verwerping deur die kind beskou word. As ouers weet ons ook dat `n *Nee..* antwoord, met `n gepaardgaande verduideliking aan `n kind, gewoonlik met `n teenvraag van *Waarom nie...?* beantwoord word. Vanweë `n kind se beperkte lewenservaring, asook beperkte verwysingsraamwerk, is hy nie in staat om die werklike realiteit van sy versoek te verstaan nie.

Dieselfde situasie bestaan tussen Vader-YHVH en ons as Sy kinders. Omrede Hy alwetend en alwys is, sien en verstaan Hy die realiteit van dit wat ons vra baie beter as wat ons ooit kan. Hy is ons Vader wat vir ons lief is en net die beste vir ons wil gee, maar Hy weet ook wanneer die antwoord *Nee..* of *Nie nou nie, maar later...* moet wees. As Vader tree Hy altyd in ons belang op. Hy weet wat vir ons die beste is. Ons moet Hom net vertrou! Ons kan egter met sekerheid weet dat elke gebed wat volgens YHVH se wil gebid word deur iemand wat in

die regte verhouding met Hom staan, word onmiddelik verhoor. Die manifestasie, met ander woorde die sigbaarwording daarvan, kan egter tydgebonde wees. Daarom moet ons aanhou bid en nie moedeloos word nie (Luk.18:1; 1 Thess. 5:17).

Daar gaan tye wees wanneer ons nie alles gaan verstaan en wanneer ons voel dat YHVH nie ons gebede verhoor nie. Ons sal ook soms voel om soos Yeshua aan die kruis uit te roep: *My God, my God, waarom het U my verlaat!* Dit is in hierdie tye wat ons egter moet vra vir daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan om ons te vul (Fil. 4:7). Ons verstaan nie die hoekom nie, maar ons moet die sekerheid hê dat ons Vader in ons belang optree.

Die lewe is soos 'n legkaart met 1000 stukkies en ons moet glo dat al die stukkies uiteindelik sal pas om presies soos die prentjie op die houder te lyk. YHVH het hierdie prentjie vir ons elkeen se lewe geskep en Hy weet waar elke stukkie van die legkaart pas.

Smith Wigglesworth het gesê: *God has a plan beyond anything we have ever known. He has a plan for every individual life, and if we have any other plan in view, we miss the grandest plan of all.* Die geheim van 'n suksesvolle en geseënde lewe is om YHVH se plan vir jou lewe te ontdek en gewillig met Hom mee te werk om Sy plan vir jou lewe uit te voer. Dit is wat Josef gedoen het!

YHVH sien die groter prentjie. Hierdie waarheid word geïllustreer in Johannes 11. Terwyl Martha, Maria, familie en vriende slegs Lasarus se siekte gesien het, het Yeshua geweet dat hierdie siekte nie tot die dood toe is nie, *maar tot die heerlijkheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word* (vers 4). Tydens die krisis kon die mense dit nie verstaan nie. Hulle het wel die geloofsekerheid gehad dat Yeshua hulle nie versaak het nie. Eers toe Lasarus uit die dode opgewek is, het hulle die grootheid en almag van God op 'n wyse verstaan soos nog nooit voorheen nie. YHVH het nie die siekte veroorsaak nie, maar het bewys dat Hy selfs mag oor die dood het.

YHVH se wil was anders as die van Lasarus se familie en vriende. Selfs midde in 'n krisis, hartseer of teleurstelling kan ons weet dat ons Vader in beheer is. Ons dilemma is om Hom te vertrou dat Hy 'n beter plan het as dit wat ons midde in ons krisis kan sien. Geloof in YHVH is ook 'n vaste vertroude dat HY te alle tye, en in alle situasies, in ons belang sal optree.

## **YHVH IS DIE OPLOSSING**

YHVH is nie die oorsaak van hartseer, teleurstelling, pyn en lyding nie, maar wel die oplossing. Hy wil ons in elke area van ons lewe seën. Ons het egter ook 'n verantwoordelikheid, en derhalwe 'n rol om te speel, om te verhinder dat teenspoed ons tref. Die oplossing is om ons hele lewe aan YHVH te onderwerp en Satan te weerstaan. Indien ons dit doen en teenspoed tref ons, dan kan ons die sekerheid hê dat ons Vader in beheer is en dat Hy namens ons in sal gryp. Die grootheid van YHVH sal openbaar word indien ons in geloof en in gehoorsaamheid ons aan Sy wil onderwerp!

Die mens wat teenspoed met gepaardgaande hartseer en lyding as die wil van YHVH beskou, kan Hom nie met ware geloof vertrou vir 'n oplossing nie. Geloof is om seker te wees van YHVH se wil. Dit is om seker te wees van dit wat ons hoop en oortuig te wees van dit wat ons nie kan sien nie (Heb. 11:1). Dit is om na ons Vader se genade troon deur Yeshua te gaan met die geloofsekerheid dat Hy 'n beloner is van die wat Hom soek (Heb. 11:6).

Indien ons glo dat teenspoed die wil van YHVH is, moet ons dankbaar vir die teenspoed wees, want dan is ons Sy wil. Dan kan ons nie vra dat ons Vader die teenspoed moet wegneem nie, want dan vra ons dat Hy Sy wil moet verander om by ons wil aan te pas. En ons wil is tog sekerlik nie belangriker as die van YHVH nie!



Ons Hemelse Vader weet wat vir ons die beste is en Hy wil Sy goedheid en guns aan Sy kinders bewys. Kom ons juig met dankbare harte vir Sy genade! HY is ons God en ons liefdevolle Vader wat vir ons sorg.

*Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek YHVH, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Jer. 29:11.*

## **Bepeins of Bespreek**

### 1. David Wilkerson het die volgende gesê:

*We sometimes go to God in prayer as if He were a rich relative who will support us and give us all we beg for, while we lift not even a hand to help. We lift our hands to God in prayer, and then put them in our pockets.*

*We expect our prayers to get God to working for us while we sit idly by, thinking to ourselves, "He has all the power; I have none, so I will simply stand still and let Him do the work."*

*It sounds like good theology, but it is not. God will have no idle beggars at His door. He will not even allow us to be charitable to those on earth who refuse to work. "We commanded you, that if any would not work, neither should he eat" (2 Thessalonians 3:10).*

*There is nothing unscriptural about adding sweat to our tears.*

-O-O-O-O-O-O-O-O-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*